# MEDIA RELEASE

17 November 2022

## Toyota Hilux GR Sport – voorkoms, verrigting en houding

- Hilux GR Sport brei Toyota Suid-Afrika se GR-produkreeks uit
- Enjinverrigting kry hupstoot van 165 kW en 550 Nm
- GR-spesifieke veringinstelling
- Doelontwerpte buite-ontwerp met kenmerkende GR-Sport-sierrooster
- Breër modderskerms en swart buite-afwerkingspakket
- Leer/Alcantara met unieke GR-hoogtepunte vir die binneruim
- 17"-allooisierwiele met 265-65-R17-bande

Die 2022- Hilux GR Sport is die tweede GR-weergawe van Suid-Afrika se topverkopervoertuig ná die debuutmodel wat in 2019 bekendgestel is. Die nuweling pronk met 'n magdom nuwe en unieke ontwerp- en dinamiese kenmerke wat hom van sy stalmaats onderskei en die Hilux GR-S as heldemodel van die reeks laat uitstaan.

### Die GR-produkhiërargie

Die GR-produkhiërargie bestaan uit vier graderings; wat as 'n piramide verteenwoordig word. Die eerste laag is GR Parts (tans vir SA ondersoek) wat klante in staat stel om hul gewone modelvariant met GR-geur in te spuit, gevolg deur die GR-Sport-naam, wat kosmetiese en dinamiese hanteringverbeterings bied (die Corolla Cross, Hilux en Land Cruiser 300). Die derde vlak word beset deur volwaardige GR-verrigtingsmodelle (die GR86, GR Yaris en GR Supra), met die vierde en laaste laag GRMN, wat die hoogste vlak van verrigtingverstelling verteenwoordig.

**Riaan Esterhuysen**
Bestuurder: Produkkommunikasie
Toyota Suid-Afrika Motors
011 809 2879
resterhuysen@toyota.co.za
www.toyota.co.za

**Buite-ontwerp**

Die Hilux GR-S dra 'n unieke pak, met die ontwerpers wat die ontwerp rondom die konsepte van taaiheid en sportiwiteit neergepen het. 'n Groot en fris swart sierrooster voor, horisontale dwarsbalk wat in 'n koolstofvesel-patroon afgewerk is, en verchroomde Toyota-letters ('n GR Sport-handelsmerk) kondig sy teenwoordigheid aan. Spesiale behandeling is op die ligdiode-kopligte (LED) langs die vertikaal gestapelde lugskorte met ingeboude ligdiode-misligte toegepas.

As 'n mens fyn na die nuweling kyk, sal jy sien die buffers is op die Raider-modelontwerp gegrond (eerder as die Legend-weergawes) en sluit veral *breër* swart modderskerms met kontrasterende insetsels in. Dit help om die GR Sport 'n meer aggressiewe voorkoms te gee. Swart spieëlhulsels, swart deurhandvatsels, grafietkleurige kanttrappe en 'n stileringbalk met GR-kentekens agter skep alles 'n sportiewe kontras.

Klante kan ook GR-kantplakkers op die deure kies om 'n verdere bydrae tot die dramatiese visuele verbeterings te bewerkstellig (opsioneel). Hierdie kentekens kan as 'n handelaar-opsie bestel en aangebring word, en kom in drie verskillende ontwerpe na gelang van die buitekleur wat gekies is.

Vier buitekleure word aangebied en boots die GR-handelsmerkkleure na: *Arizona Red*, *Graphite Grey*, *Attitude Black* en *Glacier White*. Dit word op hul beurt geneutraliseer deur die kontrasterende inleg in die modderskerm (rooi, swart of silwer na gelang van die kleurkeuse).

**Binneruim-ontwerp**

Ontwerpveranderinge aan die binneruim sluit in 'n nuwe instrumentehuisie met ratagtige metaalringe met 'n skuins rand en rooi naalde. 'n Doelgemaakte geperforeerde leerafwerking met rooi stikwerk vir die stuurwiel en GR-kenterkens sluit aan by die sportiewe aluminiumpedale (met rubberinsetsels). Die GR-handelsmerk is ook op die aansitterknop en middelkonsole aangebring.

Treffende koolstofveselafwerking vervang die geborselde afwerking in die Legend-modelle, wat aangevul word deur rooi aksentafwerking, wat op die GR-S se verrigtingseienskappe dui. Die ren-geïnspireerde voorsitplekke het Alcantara-insetsels, die GR-kenteken op die kopstutte, pedale met rooi insetsels sowel as elektriese verstelling vir die bestuurdersitplek.

**Rit en hantering**

Onder die dop word nuwe enkelbuis-skokbrekers met kronkelvere ingespan om verbeterde hoëspoedstabiliteit en hanteringsreaksie te bied.

Die wiele-en-bande-pakket behels spesiaal ontwerpte 17"-allooisierwiele in titaan-afwerking, terwyl die bandepakket met groter 265-65-R17-rubber ten gunste van verbeterde veldryverrigting hersien is.

**Enjin en dryfstelsel**

Hoewel die GR-Sport-naam (ook bekend as GR-S) gewoonlik kosmetiese en hanteringverbeterings verteenwoordig, het die Hilux-weergawe ook 'n nuwigheid wat sy verrigting betref. Die enjin se kraglewering is tot 165 kW (+15) verhoog en wringkrag is met 50 Nm tot 'n hoogtepunt van 550 Nm verhoog. Dit is vermag deur 'n spesiale kalibrasie vir die enjinbeheereenheid (ECU) wat by die hersiene kartering vir die outomatiese sesgang-ratkas en kloubeheer inskakel om die beste moontlik kraglewering te verseker. Hierdie verbeterings lei tot 'n 0-100 km/h-versneltyd, wat 0,65 sekondes vinniger as voorheen is. Die nuweling se topspoed word as 175 km/h aangegee.

Slegs een dryfstelsel-samestelling is beskikbaar in die vorm van 'n 4x4-oordrag wat aan 'n outomatiese sesgang-ratkas met 'n outomatiese vastrapewenaar (Auto LSD) gekoppel is. Aluminium vingerpedale is by die mengsel gevoeg, wat die bestuurder in staat stel om ratte op hul eie te kies, terwyl die ratkas-kartering ook langer op die geselekteerde rat hou en met terugrat-enjinremming help.

*Drive Mode Select* bied *Power*- en *Eco*-modusse om die GR Sport se kraglewering en enjinreaksie aan te pas, met *Power*-modus wat die verhoogde krag- en wringkraguitsette ten beste benut.

Dit sluit in sleutellose toegang, wegvoubare en elektries verstelbare deurspieëls, outomatiese kopligte, deure wat outomaties sluit, parkeerafstandbeheer (PDC), trukamera, dubbelsone-klimaatbeheer, lugversorgde boonste paneelkissie, multi-inligtingskerm (MID) , elektriese enkelaanraking-skakelaars vir die vensters en ingeboude kragpunte (in 220- en 12-volt-formaat).

'n Nuwe eienskap is die panoramiese-uitsig-monitor, wat 'n omringende kamera sowel as 'n oorhoofse oorsig van die voertuigomgewing bied. Hierdie kenmerk is veral handig wanneer die Hilux hindernisse aandurf.

**Inligtingvermaak**

Die bekende raakskerm-inligtingvermaakstelsel word behou, en sluit Apple CarPlay en Android Auto-werking in, tesame met ingeboude stuurwielskakelaars, Bluetooth en USB-sokke..

**Vermoë**

Die GR Hilux se sleepvermoë word as 750 kg (sonder remme) en 3 500 kg (met remme) aangegee, en hy kan 'n loonvrag van 790 kg dra. Die GR-S het 'n maksimum brutovoertuigmassa (BVM) van 5 850 kg. 'n Brandstoftenk van 80 liter is standaard.

**Toerusting en ander eienskappe**

Die nuweling se standaardspesifikasie bly omvattend en is nou in pas met dié van die Legend-gradering (met die uitsondering van 'n outomaties verdonkerbare truspieël en JBL-klank). 'n Nuwe kenmerk is die inligtingvermaakskerm wat 'n panoramiese uitsig bied.

**Veiligheid en sekerheid**

Die Hilux GR-S is toegerus met Toyota Safety Sense (TSS), wat 'n volledige reeks aktiewe veiligheidshulpmiddels bied, waaronder veranderlike spoedbeheer, baandwaalhulp (LDA) en voorbotsstelsel (PCS). Die verpligte sluitwerende remme (ABS-), voertuigstabiliteitsbeheer (VSC-), elektroniese remkragverdeling (EBD-), opdraande-wegtrekhulp (HAC-) en remhulpstelsels sluit hierby aan, asook passiewe veiligheidshulpmiddels soos ISOFIX en 'n volledige stel lugsakke.

**Modelreeks en pryse**

Hilux GR-S 2.8 GD-6 4x4 6AT - R 865,400

**Gemoedsrus**

Alle Hilux-modelle word verkoop met 'n 9-dienste/90 000 km-diensplan (versieningstussenposes is op 10 000 km vasgestel) en 'n 3 jaar/100 000 km-waarborg. Diens- en waarborgplan-uitbreidings kan by enige Toyota-handelaar (220 afsetpunte) gekoop word.

Alle Toyota-modelle is toegerus met Toyota Connect, insluitend 'n gratis eenmalige Wi-Fi-toewysing van 15 Gb, voertuigtelematika en verbeterde gebruikerskenmerke via die MyToyota-toepassing.

- Einde -